

17 Augustus

Skrifgedeelte: Galasiërs 6:1-10

Fokusgedeelte: Galasiërs 6:2

Dra mekaar

So maklik gebeur dit dat die hoë mure wat om ons huise en erwe staan, ook mure om ons persoonlikhede word. Selfs in die kerk van die Here, in sy gemeentes, staan ons as individue met hoë mure rondom ons, koud langs mekaar sodat van die *gemeenskap van heiliges* niks tot sy reg kom nie. Ons word in die fokusgedeelte opgeroep om mekaar te help dra en na mekaar om te sien. Dit beteken: Ek reik uit, ek bied hulp aan en sit nie maar en wag tot iemand my dalk om hulp kom vra nie.

Die gedagte is dat ek skouer aan skouer met iemand gaan staan en so sy las help verlig. Ek maak die las as't ware nou ook myne. Ek doen opofferings om iemand op die manier by te staan – hetsy dit in die stryd teen 'n sonde is, 'n groot krisis, 'n terugslag of wat dit ook mag wees. Vir hoogmoed, beteweterigheid en eie ek is daar nie plek in hierdie opofferende wyse van optrede nie.

As voorbeeld en aansporing daartoe het ons Jesus Christus. Hy het nie net langs jou kom staan met jou laste nie, maar in jou plek kom staan! Hy het die volle las afgehaal en op sy skouers gelaai en ten volle daarvoor betaal. Hy het dit heeltemal weggeneem en volle verligting vir jou bewerk.

As God ons in sy woord hierdie opdrag oplê om mekaar se laste te dra, doen Hy dit nadat Hy dit eers vir ons gedoen het. Om die rede vra Hy hier dat ons in liefde en dankbaarheid sal antwoord. Ons sal nie bloot in teorie nie, maar in daad antwoord – met hande en voete. Wees daarom God se beeldraer in jou antwoord!

Sing: Skrifberyming 33:1,2,3 Ds P Fanoy (Ontdekkers)